

**SONDAG**  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
**NAGMAALDIENS**

**LITURGIE**

<u>Wie</u>	<u>Wat</u>	<u>Detail</u>	<u>Bord/Musiek</u>
	Musiek (18:00-18:25)	Canto Gregoriano	
	Voorsang	Tannie Nunez (Slegs lydingsliedere)	
	Votum / gebed		
	Seengroet	Nie Tragiese Vrydag maar "Goeie Vrydag"	
	Oorsig	Oorsig oor groot lydingsweek	
	Musiek	"Via Dolorosa" (Lisbe & Jan)	CD-10
	Gebed		
	Skriflesing	Psalm 22	
	Preek	"My God, my God, waarom het U my verlaat?"	
	Gebed		
	Lees Van Formulier	Mat 26:26	
	Sang (Tafel Gereed)	"Golgota" "Dis vir my wat Hy ly"	CD-58 CD-59
	Geloofsbelydenis		
	Gebed Om Seën		
	Bediening En Kommunie	"Nagmaalslied"	CD-10
	Lofprysing	"Ons Vader" (Rina Hugo)	CD "Sjoe-14"
	Dankseggingsgebed		
	Lied	LB384:1-2 "Jesus o dink aan my" (2x)	LB384
	Seën		

# OORSIG

## SONDAG

### Intog

- Stuur 2 dissipels om **esel te gaan haal**
  - teken van vrede
  - Sag 9:9 <sup>9</sup> Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.
  - Geen juk (Num 12:2)
  - Hosanna (Ps 118)
- Farriseërs raak ongeduldig: Sê hulle moet stilbly!
  - As hulle stilbly, sal die klippe dit uitroep.
- **Stap deur die Kedron**
  - Tempel reg voor hulle
  - Jesus begin ween.
  - Oordeel oor Jerusalem:

Luk 19:41-44 <sup>41</sup> Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daarvoor gehuil <sup>42</sup> en gesê: “As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor. <sup>43</sup> Daar sal dae oor jou kom dat jou vyande vestings teen jou oprig en jou omsingel en jou van alle kante beleër. <sup>44</sup> Hulle sal jou met die grond gelyk maak en jou inwoners uitwis. Hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die betekenis van die tyd toe God gekom het om jou te red, nie besef het nie.”

- Kom by die Tempel
  - Stap deur
  - Kyk na alles
  - Verlaat die tempel sonder om 'n woord te sê
  - Terug na Betanië
- Skare teleurgesteld.

## MAANDAG

- **Oppad na tempel: Vyeboom**
  - Vroeg Lente
  - Baie blare - Geen vrugte
  - Vervloek die vyeboom
  - Sinspeel op Jode en Fariseërs
- **Tempel: Reiniging**
  - Handelaars: koop en verkoop
  - Priesters keur offerdiere
  - Geldwisselaars
  - Tempelbelasting: heilige geld = egte Joodse sikkkel
  - Maak sweep met toutjies
- Na die tyd: klomp Jode en Fariseërs kom vra teken dat Hy die gesag het.
  - Teken: breek tempel af ...
  - Opbou in 3 dae
- Klomp siekes genees (by tempel...)
- Kinders sing "Hosanna"

## DINSDAG

- **Vroeg oggend weer na tempel**
  - Deputasie na Jesus
  - Deur watter gesag?
  - Wie gee vir jou die bevoegdheid?
  - Watter instansie (indien nie die Fariseers) gee bevoegdheid?
- Jesus se antwoord
  - Met wiese gesag het Johannes gedoop?
    - As dit van mense kom : hoekom nie opgetree?
    - As dit God s'n is, hoekom het julle nie vir hom geluister dat Jesus die Messias is nie?
    - Hulle kan nie antwoord nie.
    - Jesus antwoord hulle ook nie.
- Gelyenis van die 2 seuns
- Gelyenis van die onwaardige landbouers
- Gelyenis van die koninklike bruilofsmaal
- Vraag oor belasting
- Vraag oor opstanding
- Vraag oor grootste gebod
- Vloekrede teen Farriseers & skrifgeleerdes. (weë julle)
- **WEEKLAG OOR JERUSALEM**

Mat 23:37-39 <sup>37</sup> "Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie! <sup>38</sup> Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat. <sup>39</sup> Maar Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal uitroep: Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!"

- **GAAN NA VROUE-VOORHOF**
  - Arm weduwee met penning
- **GAAN NA VOORHOF VAN HEIDENE**
  - Gelowige Grieke wil Jesus sien.
  - Te die Grieke by Hom kom: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik word"
  - Nou het die uur gekom.
  - "Vader verheerlik U Naam"
  - Stem uit die hemel: "Ek het dit verheerlik, en ek sal dit weer verheerlik"
- **JESUS NA OLYFBERG**
  - Rede oor wederkoms
  - Goeie & slegte dienskneg
  - Gelyenis van 10 meisies
  - Gelyenis van talente
  - Laaste oordeel

## DONDERDAG

- **VOORBEREIDING VIR PAASFEES**

- Lammetjies by tempel geslag
- Bloed op altaar
- Binne-vet as brandoffer geoffer
- Lam tuis gebraai
- Bitter sous
- Skottel gekookte gemengde vrugte
- Gewone rooiwyn
  
- Stuur 2 dissiplens vooruit om plek voor te berei.
- Judas moes nie weet waar dit sou plaasvind nie.
  
- **BEGIN VAN MAALTYD**
  - 1e 3 sterre - basuin
  - Twis oor rangorde
  - Voetewas
  - Aanwysing van verraaier
  - Instelling van Nagmaal
  - Afskeidswoorde
  - Hoë-priesterlike gebed

## **Joh 17**

- Einde van Paasmaal
- Getsemane

# PREEKSKETS

Ek sal my eerste dag op skool nie vergeet nie.

- My ma-hulle het vir my en my sussie skool toe geneem.
- Sy was daardie jaar in graad 2 en ek in graad 1.
- En al waarom ek skool toe gegaan het, was omdat ek gehoor het dat 'n mens 'n pouse kry en dat hulle lekkergoed gedurende pouse verkoop.
- Dus het my ma vir ons elkeen 5 sent saamgegee skool toe om pouse vir ons iets te koop.

Wat my sussie nie vir my vertel het nie, was dat daar 2 pouses was...

- 'n korte en 'n lange
- En dat hulle net gedurende langpouse lekkergoed verkoop.

En daai dag, toe pouse aanbreek, kry ek die skok van my lewe.

- Hulle verkoop nie lekkergoed in kortpouse nie.
- Dit was vir my te veel om te hanteer.
- Ek het net daar die pad gevat en huistoe geloop.

Ek onthou dat my pa my geduldig teruggevat het skool toe.

- En die juffrou het alles probeer om my rustig te maak.
- En toe dit nief erk nie, het sy my in die badkamer in ons klas toegesluit.

Hoe lank dit was, kan ek nie onthou nie.

- Maar dit het plus minus soos 'n lewenslange tronkstraf gevoel.
- Daar is een ding wat ek baie goed kan onthou.
- Hoe bitter alleen ek skielik gevoel het.
  - Weg van my sussie.
  - Weg van my ouers.
  - Weg van almal.
    - En die ergste van alles: my pa wat my kon beskerm, het sy rug op my gedraai...
    - Want dis hy wat my teruggebring het na hierdie wrede juffrou toe...

Alleenheid...

- Iets wat 'n mens moeilik kan beskryf.
- Maar iets wat elke mense een of ander tyd ervaar.

Dis die gevoel wat 'n vrou ervaar wanneer sy haar man begrawe het

- En die begrafnis is verby
- En al die mense gaan huistoe
- En jy bly alleen agter in die huis wat vir twee mense gebou is...

Alleenheid is die gevoel wat 'n pa of 'n ma ervaar wanneer hulle 'n kind begrawe het.

- En hulle sit weer in die kind se kamer...
- Kyk weer deur sy foto-album
- Dink weer terug aan al die saam-tye...

Alleenheid is 'n man of 'n vrou wat uit die egskeidingshof uitstap

- En al wat jy oorhou is 'n A4-brief wat sê dis verby.
- Die huwelik is ontbind.
- Die huwelik bestaan nie meer nie.

Alleenheid is 'n man wat werk met rots gedoen het...

- En skielik word hy geforseer om op te hou.
- Vroeë pensioen.
- Ongeskiktheidspensioen.

- Pakket.
- Rasionalisasie.

Ons almal ken alleenheid.

## OOK VERLATE VAN GOD

En die ergste van alles is dat 'n mens in sulke tye nie net ver van mense af voel nie, maar dat 'n mens ook ver van God af voel.

- Dit maak nie saak hoeveel die mense kom besoek nie.
- Dit maak nie saak hoeveel teksverse hulle kom lees nie.
- Dit maak nie saak hoeveel mense gebede kom doen nie...

Dis 'n alleenheid wat jy vir niemand kan beskryf nie.

- ver van mense
- en ver van God

Psalm 22 is 'n Psalm oor so iemand.

Nogal Dawid wat dit geskryf het.

- Kind van God
- Gelowige
- Man na God se hart
- Skrywer van Psalm 23.

Maar ook in sy lewe het daar sulke tye gekom

- Alleen-tye
- Godverlate tye
- Tye van absolute moedeloosheid.
- Tye wat die lewe net nie meer sin maak nie.

Die eerste 22 verse van hierdie Psalm is 'n stuk twyfel oor God.

- Nie of God daar is of nie
- Maar twyfel waarom God dan nie ingryp nie...

*“My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U so ver as ek om hulp roep?” (V2)*

*“My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie.” (V3)*

In elke gelowige se lewe kom daar tye wat God stil is.

- Tye wat God swyg
- Tye wat God nie antwoord nie.
- Tye wat die God wat altyd teenwoordig is, skielik nie “teenwoordig” is nie.

Ek wonder hoeveel mense in die afgelope tyd - tydens die Irakoorlog - getwyfel het aan God.

- Hoeveel boere in die afgelope jare na die lande en lande mislukte oeste gekyk het en getwyfel het oor God.
- Sakemanne wat alles in hulle vermoë gedoen het en God geeer het met hulle besighede - en as die eiendom in die koerant geadverteer word - getwyfel het oor God.
- Kinders van die Here wat dag en nag bid vir 'n sterwende familielid - al hulle vertrou op die Here - Maar wat moet toekyk hoedat die lewe stukkie vir stukkie voor hulle oë kwyn - en dan skielik twyfel oor God.

Psalm 22 is 'n Psalm uit die hart van iemand wat twyfel oor God.

## JESUS

En daai dag toe Jesus aan die kruis gehang het, was Psalm 22 in Sy gedagtes.

En net soos Dawid het Hy uitgeroep:

- “My God, my God, waarom het U my verlaat”
- “Ek roep na U, maar U antwoord nie”
- “Ek soek na U, maar U is nie daar nie..”

Heel moontlik het Jesus die hele Psalm 22 aan die kruis opgesê.

- Dis selfs moontlik dat HY dit oor en oor opgesê het.
- Maar dat net die een vers (v2) neergeskryf is.

*Die Jode was gewoon daaraan om 'n Psalm nie soseer met 'n nommer aan te dui nie, maar met die eerste woorde van die Psalm. ('n Gewoonte wat vir ons ook nie vreemd is nie, bv ons praat ook van Die Here is my herder as ons na Psalm 23 verwys.) Gegewe voorts die vreemdheid van die woorde My God, my God, waarom het U my verlaat?, maak dit heeltemal sin om dit nie as 'n geïsoleerde greep uit die Psalm te sien nie, maar inderdaad as deel van 'n groter uiting, 'n uiting van iets waarin Jesus iets van sy eie swaarkry vertolk sien.*

Want daar aan die kruis het Hy skielik dieselfde verlatenheid beleef wat ons dikwels beleef.

- Het Hy so alleen gevoel soos ons dikwels voel.
- Hy het ook vir 'n oomblik gewonder waar Sy Vader is.
- Gewonder waarom Sy Vader nie ingryp nie...

Skielik was Psalm 22 meer as net 'n Psalm van Dawid.

- Aan die kruis word dit die Psalm van Jesus self.
- Die Psalm van die Seun van God wat deur God verlaat is.
- Kyk maar net na al die ooreenkomste:

*v7 “Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag”*

*v9 “Laat God Hom red, laat Hy Hom bevry!”*

*V13 “'n Wreedardige klomp mense het my omsingel”*

*v16 “My tong kleef aan my verhemelte”*

*v19 “Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek loodjies oor my mantel”*

Terwyl Jesus aan die kruis hang, sien Hy Sy eie lewe afspeel in Psalm 22.

- En hy kies dieselfde Psalm wat Dawid eeue gelede geskryf het - toe hy vir Saul gevlug het - om Sy eie gebed teenoor Sy Vader te verwoord.

Psalm 22 is 'n Psalm vir mense wat moedeloos is.

- Mense wat twyfel
- Mense wat nie meer weet waarheen nie.

Dit was ook Jesus se Psalm aan die kruis.

Maar Hy vind ook Sy krag in Psalm 22.

Want Psalm 22 is nie net 'n NET 'n klaagpsalm nie.

- Dis gaan nie net oor die afwesigheid van God nie.
- Dit gaan nie net oor God wat nie antwoord nie.

Na die twyfel van die eerste 22 verse kom die blydschap en die berusting dat God sal sorg - al voel dit nie nou so nie!

- Hy sal hoor.
- Hy sal uitkoms gee.
- Hy het my nie regtig verlaat nie.
- Hy het nie weggegaan nie.
- Hy's nog altyd daar!

Toe Jesus aan die kruis Ps 22:2 uitgeroep het:

*“My God, my God, waarom het u my verlaat?” (V2)*

Het Hy reeds Sy troos gevind in die tweede gedeelte van hierdie Psalm:

*“U het my gebed verhoor - Ek sal tot eer van U Naam getuig” (v23)*

Dis normaal om soms heeltemal alleen te voel.

Dis menslik om soms tye wonder waar God is.

- Maar dit mag nie by twyfel bly nie.
- Saam met die twyfel moet 'n mens geleidelik weer tot die besef kom dat God daar is.
  - Dat Hy sorg.
  - Dat Hy omgee.
  - Dat Hy toe nie afwesig is nie.

Ockert Meyer skryf:

Wat moet ek doen as my gebed stom raak en die bybel geen raad meer bied nie, sou 'n mens (na aanleiding van Moltmann se ervaring) kon antwoord: Moenie vir raad in die bybel gaan soek nie en hou gerus op om self te probeer bid. Begin dan om vir God in die Bybel te soek en laat sy Gees vir u bid. Miskien is dit die eerste ding wat ons te midde van lyding kan leer: Die bybel is nie 'n soort heilige handboek of 'n soort resepteboek met gepaste raad vir elke situasie nie. Die bybel is 'n boek vol van menslike nood en te midde van die nood is.....God (daar).

In die Woord van God gaan dit oor meer as die woorde van 'n leermeester. Dit gaan oor die Meester Self. Hy openbaar Homself nie net in wonders en vuur nie, maar ook in die klagtes, in die smeekbedes, in die verlatenheidsroep van mense. Hy openbaar Homself nie alleen in die woorde van die wet nie, maar ook in die mees weerlose lydingskreet van die individu.

Willie Cilliers

Eerwaarde Henry Francis Lyte was die skrywer van die lied wat ons ken as “Bly by my, Heer, terwyl die skadu's daal ...” Hy was op die rand van moedeloosheid. Hy was predikant van 'n klein gemeentetjie en hy het gevoel na al sy jare van arbeid daar het niks gebeur nie. Hyself was nie gesond nie en sy dokter het hom meegedeel dat hy nog net 'n paar maande sou lewe. So het hy eendag teneergedruk in sy studeerkamer gaan sit en deur sy Bybel begin blaai tot by die gedeelte oor die Emmausgangers wat Jesus gevra het om nie verder te gaan nie, maar om by hulle te bly omdat dit al aand was. Skielik het hy krag gekry om sy lot te aanvaar, om sy gemeente te aanvaar, en om die sin van sy lewe te ontdek. Tóé het hy dié onvergeetlike woorde neergeskryf:

Abide with me; fast falls the eventide;  
The darkness deepens; Lord, with me abide;  
When others helpers fail, and comforts flee,  
Help of the helpless, oh abide with me.



Bly by my Heer, terwyl die skadu's daal  
laat tans U lig my lewenspad bestraal  
Daar is geen ander hulp of troos vir my  
Hulp van die hulpeloses bly by my!

## Ten slotte:

Aan die kruis het die Here Jesus ervaar wat elkeen van ons van tyd tot tyd ervaar.

Dit wat Dawid ook ervaar het:

- Die alleenheid
- Die twyfel
- Die vrae
- Die waaroms
- Die onsekerheid oor God.

Maar aan die kruis het Hy ook te midde van die twyfel en onsekerheid vasgehou aan Sy Vader:

- Hy sal weer sorg.
- Hy sal weer ingryp.
- Hy sal red.
- En almal sal Hom weer as Koning herken.
- Almal sal van Sy verlossingsdade getuig.